SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

“Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee"
Filippense 4:13



# Maandelikse Bybel Bespreking
## Alles in Christus

Die Persoon van Jesus Christus

Die Reformatoriese verstaan van Jesus Christus begin by ’n eenvoudige maar diepgaande belydenis: Hy is waaragtig God en waaragtig mens.

Hierdie dubbele natuur – vere deus, vere homo – lê aan die hart van die Christelike geloof. Soos Johannes dit stel: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon” (Joh. 1:14). Die vroeë kerk het dit bely teenoor dwalings, en die Reformasie het dit herbevestig: ons verlossing hang daarvan af dat Christus werklik God én werklik mens is. Die Heidelbergse Kategismus (Sondag 5–6) stel dit: ons het ’n Middelaar nodig wat tegelyk regverdig mens en ware God is.

Karl Barth stel dit radikaal Christosentries: God is die God wat Homself in Jesus Christus openbaar. Ons ken God nie anders as in en deur Christus nie. Rudolf Bultmann, alhoewel teologies effens anders georiënteerd, beklemtoon dat Jesus ‘n waardevolle ontmoeting in die hede moontlik maak – ’n eksistensiële oproep tot geloof in ons lewe vandag. Ted Peters sluit hierby aan deur te wys dat Christus nie net ’n figuur uit die verlede is nie, maar die draer van God se toekoms. In Hom het die nuwe skepping reeds begin.

Ons Reformatoriese Kerke in Suid-Afrika maak dit duidelik: Jesus se voorgeboortelike bestaan, Sy menswording, Sy lewe en sterwe, en Sy opstanding en verheerliking vorm ’n eenheid waarin God Homself aan ons gee. Hy is nie bloot ’n morele voorbeeld nie, maar die vleesgeworde Seun van God wat werklik in ons wêreld ingetree het. Jesus Christus verteenwoordig ons as mens; as God red Hy ons; en as Middelaar bring Hy God en mens bymekaar. In sy Persoon ontmoet ons God self – naby, sigbaar, teenwoordig, verlossend.

Daarom kan ons werklik sê: Alles in Christus.

“My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”
– 2 Korintiërs 12:9

Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tema vir die Maand

## Alles In Christus

### Die werk van Christus

Die werk van Jesus Christus bereik sy hoogtepunt in die gebeure van Paasfees...maar dit begin lank voor die kruis.

Vanaf Jesus Christus se menswording, leef Hy in volkome gehoorsaamheid aan die Vader. Soos Filippense 2:6–8 dit stel: Hy het Homself verneder en gehoorsaam geword tot die dood toe – ja, die dood aan die kruis.

Aan die kruis gebeur iets radikaal: sonde word gedra; skuld word betaal en versoen; die verhouding met God word herstel en vernuwe. Jesus is onskuldig veroordeel sodat ons vrygespreek kan word. Maar dit eindig nie daar nie.

Op Paassondag staan Hy op. Die dood word oorwin. Soos Paulus sê: “As Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes.” (1 Kor. 15:17). Die opstanding is dus nie net 'n wonder van die verlede nie – dit is die begin van God se nuwe toekoms. Deur Sy hemelvaart en die uitstorting van die Gees leef ons nou reeds uit daardie waarheid in ons hedendaagse werklikheid.

Daarom is diè duidelik – Jesus Christus se kruisdood bring vergifnis; Sy opstanding bring nuwe lewe; en Sy heerskappy bring hoop vir vandag en elke dag in die toekoms.

Alles kom saam in een waarheid: In Christus het God alles gedoen – en gee Hy alles.

Ek sien uit om oor Paasfees, saam met jou, Alles in Christus se Naam te vier.

Andrè

## IN HIERDIE UITGAWE

BYBEL VASVRA
MANNE NAWEEK
"OBITUARY FOR JESUS CHRIST, THE SON OF GOD"
LEË EIERDOP
WAAROM SING ONS?
KONTAK ONS

# Bybel vasvra en ete











**5 Kategorië + bonus rondte**

Kategorie 1: 'Wat sien jy?'
Kategorie 2: Vrae oor die boek Rut
Kategorie 3: Flink Dink
Kategorie 4: Algemene Kennis
Kategorie 5: Musiek
Bonus rondte: Soek die Bybelboeke wat in die paragraaf wegkruip.



"Knowing the Bible doesn't just inform your mind —it transforms your heart."





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



**Kategorie 1**
**Wat sien jy?**

TOESPRAAK
**EVEREST**

**Antwoord:**
**Berg predikasie**



## 4 Spanne neem deel:


Secret 7; SZN; HarHams; Goeie Bure; Bitter kwartels

**Kategorie 2: Rut**

**Met watter 2 mans was Rut getroud?**










**Kategorie 3**
**Kies A of B**

**Vir hoeveel dae kon Saulus nie sien nie?**

**A. 3 dae B. 5 Dae**

Knowing the Bible doesn't just fill your mind with words—it anchors your heart with truth."

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION


















# Manne Naweek -
# Harde werk voor die naweek....












Vele hande maak ligte werk!















Dankie vir julle harde werk met die voorbereiding vir Saterdagaand se braai!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Manne Naweek





'Daar was tyd om te praat, te luister en te gaan dink'



'Niks...hou dit so...dit was goed gedoen'







'Hou Koers'













(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •APRIL 2026

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

















"As iron sharpens iron, so one man sharpens another." – Proverbs 27:17





SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

"You're never too young for God to do something big in you."





WEEKEND











'Genoeg tyd om tussen sessies met mekaar te gesels'



Faith
Hope
Love



'Honestly everything. I felt welcomed and accepted'









‘Dit het regtig goed gewerk, en genoeg vrye tyd vir manne om te kan connect’







‘Saam tyd in groepe maar ook tyd om te gesels in kleiner groepe’



**“This weekend isn’t an escape; it’s a sharpening of the soul.”**



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



**‘Die musiek by die braai was so lekker gewees’**





“God doesn’t call the qualified; He qualifies the called.”







**“When men seek God together, families, churches, and communities are transformed.”**



## ‘Save the Date’

**Datum:** 19–21 Maart 2027
**NUWE venue** – Oakwood, Wokingham, RG40 3DA



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • APRIL 2026

# "Obituary for Jesus Christ, the Son of God"

Jesus Christ, 33, of Nazareth, died Friday on Mount Calvary, also known as Golgotha, the place of the skull. Betrayed by the apostle Judas, Jesus was crucified by the Romans by order of the Ruler Pontius Pilate. The causes of death were crucifixion, extreme exhaustion, severe torture, and loss of blood.

Jesus Christ, a descendant of Abraham, was a member of the House of David. He was the son of the late Joseph, a carpenter of Nazareth, and Mary, His devoted Mother. Jesus was born in a stable in the city of Bethlehem, Judea. He is survived by his mother Mary, His faithful apostles, numerous disciples, and many other followers.

Jesus was self-educated and spent most of His adult life working as a teacher. Jesus also occasionally worked as a Medical Doctor and it is reported that He healed many patients. Up until the time of His death, Jesus was teaching and sharing the Good News, healing the sick, touching the lonely, feeding the hungry, and helping the poor.

Jesus was most noted for telling parables about His Father's Kingdom and performing miracles, such as feeding over 5,000 people with only five loaves of bread and two fish and healing a man who was born blind. On the day before His death, He held a Last Supper celebrating the Passover Feast, at which He foretold His death.

The body was quickly buried in a stone grave, which was donated by Joseph of Arimathea, a loyal friend of the family. By order of Pontius Pilate, a boulder was rolled in front of the tomb. Roman soldiers were put on guard.

In lieu of flowers, the family has requested that everyone try to live as Jesus did. Donations may be sent to anyone in need.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Leë eierdop

Juffrou Miller het 'n groepie jong seuns en dogters in haar klas gehad. Een van hulle was die dertien jarige Jeremy. Hy was nie net kleiner as die ander kinders in sy klas nie, maar was ook verstandelik gestremd.

Dit was Goeie Vrydag, die begin van die Paastyd. Juffrou Miller vertel die storie van Jesus wat aan die kruis gesterf en op die derde dag weer opgestaan het. Aan die einde van haar les gee sy vir elke kind 'n plastiek eierdop wat kan oopmaak.

“Ek wil hê julle moet huis toe gaan en iets in die eierdop plaas wat vir jou sal simboliseer dat Jesus gesterf het en weer opgestaan het,” sê sy.

Die volgende dag heers daar groot opgewondenheid in die klas. Die kinders het 'n verskeidenheid goedjies in hulle eierdoppe gesit -- party het papier skoenlappers gebring, ander klippies met mos oortrek. Juffrou Miller het tussen al die kinders deurgeloop en toe sy by Jeremy se bank kom, sy sien dat sy eierdop oop was, maar dat dit leeg is. Sy het gedink dat die klein seuntjie nie verstaan wat hy moes doen nie en omdat sy hom nie in die verleentheid wou stel voor die klas nie, stap sy net aan, maak haar finale opmerkings en verdaag die klas.

Toe al die kinders weg is, kom klein Jeremy na haar en vra: “Juffrou Miller, hoekom het u niks oor my eierdop gesê nie; hoekom het u myne oorgeslaan?” “Maar Jeremy, dit is leeg, is dit nie?” sê Juffrou Miller. Terwyl hy na haar kyk antwoord die klein Jeremy, “Juffrou Miller, op Paasoggend was Jesus se graf nie ook leeg nie?” Terwyl die onderwyseres na die klein seuntjie luister het sy besef dat hy in sy kinderlike wese, die krag van die dood en opstanding van Christus verstaan.

Omtrent drie maande later is Jeremy oorlede om by die Here te wees. By sy begrafnisdiens bring negentien van sy klasmaats leë eierdoppe om op sy kis neer te sit. Dit was 'n teken om te sê, “Hier is 'n seuntjie wat geweet het wat dit beteken om Jesus te volg!”

# Waarom sing ons?

‘Worship’ is meer as net musiek of liedjies wat ons sing — dit is ons reaksie op wie God is en wat Hy in ons lewens doen.

Wanneer ons *worship*, bring ons ons harte, ons stories, ons vrese en ons dankbaarheid na Hom toe. Dit verander ons perspektief, bring ons nader aan Sy teenwoordigheid en herinner ons dat Hy altyd waardig is om geprys te word. Mag ons nie net worship wanneer die musiek speel nie, maar ‘n leefstyl van aanbidding leef — elke dag, in elke seisoen.

Laat alle lofprysing tot eer van die Here wees! Ook wanneer dit buite die erediens is. Hy is die middelpunt van alles, en mag dit ook so wees wanneer ons Hom loof met ons stemme en instrumente.

Ons sing vir die eenvoudige rede dat God waardig is om geprys te word. Om die Here te aanbid is ’n keuse wat ek moet maak.

Ons mag nie lof en eer wat Hom toekom, van Hom af weerhou nie! Dis hoekom ons in die eerste plek sing!

“Laat alles wat asem het, die Here loof.” – Psalm 150:6

## KALENDER

5 APRIL EREDIENS 10 UUR

12 APRIL HUISKERK 9 UUR

19 APRIL EREDIENS 10 UUR

26 APRIL HUISKERK 9 UUR



# Prayer for Good Friday

Inspired by Matthew 27

Lord Jesus, as Good Friday is coming,
we pause to reflect on Your sacrifice.
You chose to die for me. You bore my
sins.
You were whipped and bruised all over.
You were mocked and endured great
shame.
You were nailed to the cross and
suffered tremendous pain. You did not
fight back but gave
everything.
Your precious blood bought me
redemption.
Lord, I love You and I know that I am
unworthy, Thank you for still loving and
choosing me!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com